Solidariteit Beweging

Toekomsberaad oor Onderwys

– 2016 –

Oorsig oor Afrikaanse Onderwys en die Noodsaak van Moedertaalonderrig

– Alana Bailey, AfriForum –

Gehalte onderrig is die sleutel tot 'n menslik gesproke, volhoubaar suksesvolle toekoms in Suid-Afrika.

Volgens syfers van die onderwysdepartement self, ook bevestig deur Africa Check, is ongeveer 80% van die skole in die land disfunksioneel.[1] Dit beteken dat hierdie skole nie in staat is om basiese vaardighede aan leerders oor te dra nie. In aansluiting hierby het Statistiek Suid-Afrika in April 2016 aangekondig dat die meerderheid van die jeug tans oor minder vaardighede beskik as die generasie voor hulle.[2]

'n Gevolg van die disfunksionele skole is dat sowat twee-derdes van die kinders wat hulle skoolloopbane in graad een begin, nooit eens matriek bereik nie. Onder die derde wat wel die matriekeksamen skryf, is daar natuurlik ook nog druipelinge. Hierdie syfer word nou al vir vyf jaar deur AfriForum dopgehou en hoewel die departement van basiese onderwys jaarliks 'n slaagsyfer vier wat sogenaamd deurgaans verbeter, bly die persentasie van leerders wat uit die stelsel verdwyn, helaas redelik konstant. Hulle word nie bygetel wanneer die slaagsyfer bereken word nie.

Onder die wat wel matriek slaag, is daar baie wat 'n lae vlak van geletterdheid het en selfs waar matrikulante universiteitstoelating kry, moet universiteite toenemend geld spandeer om oorbruggingsprogramme aan te bied sodat hulle studies op tersiêre vlak kan baasraak.

In Afrikaanse skole, veral enkelmedium skole, is die situasie oor die algemeen beter. Navorsing van FEDSAS en die SAOU bewys dat Afrikaanse skole onder van die bestes in die wêreld gereken kan word. Die feit dat daar suksesvolle Afrikaanse skole is, beteken egter nie dat alle Afrikaanse skole probleemvry is nie en mag ook nie tot 'n valse gerustheid aanleiding gee nie.

Veral in die stede slaag skole gewoonlik daarin om onderwysers te bekom, maar in plattelandse gebiede sukkel skole dikwels om poste te vul, veral in skaars rigtings soos wiskunde. Die meeste onderwysers in die Suid-Afrikaanse stelsel is verder bo 40 jaar oud. Onderwys is tans volgens navorsing van AROS die tweede mees gewilde

1. http://www.dailymaverick.co.za/article/2015-03-25-are-80-of-south-african-schools-dysfunctional/#.V8Ode5Uw_IU.
2. http://www.dailymaverick.co.za/article/2016-04-18-the-great-reversal-stats-sa-claims-black-youth-are-less-skilled-than-their-parents/#.V8PaLJUw_IU.

studierigting in die land,[3] maar 'n groot aantal onderwysers verlaat die beroep. Die vind en behoud van toegewyde, bekwame onderwysers is dus 'n uitdaging.

Verder kry ons by AfriForum ook toenemend klagtes van skole wat sukkel om handboeke aan al die leerders te lewer. Selfs in welvarende areas is daar al hoe meer kinders wie se ouers of voogde nie skoolfonds betaal nie en ook nie self vir benodighede kan sorg nie. Die negatiewe ekonomiese toestande in die land het beslis gevolge vir Afrikaanse skole wat ons nie buite rekening kan laat in toekomsbepanning nie.

Die probleem wat tans die meeste kommer veroorsaak, is egter die aanslae op die taalbeleid vanaf die owerheidskant. Dit is waarskynlik 'n omstrede stelling, maar Afrikaanse skole se sukses kan ook van hulle slagoffers maak. Wanneer druk op skole toegepas word om te verengels, of na dubbel- of parallelmedium instellings oor te skakel, word dikwels aangevoer dat die skole hulle enkelmedium Afrikaanse taalbeleid gebruik (of eintlik misbruik) om leerders wat Engelse onderrig verlang, te weerhou van toegang tot gehalte onderrig. Die persone wat die argument aanvoer, neem nie in ag dat die gehalte van die onderrig juis toe te skryf is aan die feit dat die skole moedertaalonderrig aanbied nie. Die medium en die gehalte van die onderrig word as twee onafhanklike kwessies beskou en toeganklikheid word as 'n kitsresep vir leerders se sukses voorgehou.

Wanneer skole hulle enkelmedium Afrikaanse status probeer beskerm, verlaag die vlak van die argument daarteen nog verder om kwessies soos die ras van die leerders by te sleep en te beweer dat Afrikaanse, en veral blanke Afrikaanse leerders uitermate bevoordeel word ten koste van ander Suid-Afrikaanse skoliere. Daar word dikwels selfs geargumenteer dat die enigste wyse om bevoordeling uit te skakel en ware gelykheid te bevorder, sal wees dat niemand in moedertaal onderrig mag kry nie – buiten Engelse huistaalsprekers natuurlik, maar skynbaar bekommer dit niemand nie.

Hoe enigeen bevoordeel kan word deur meer mense van hulle taalregte te ontneem en tot ekonomiese agteruitgang te verdoem deur hulle aan tweede taal onderrig te onderwerp, kan nie deur diegene verduidelik word nie.

Die uitspraak van die hooggeregshof in Bloemfontein in die saak van AfriForum en Solidariteit teen die Universiteit van die Vrystaat, slaan gelukkig die drogredenasies die nek in. In die uitspraak bevestig regters Hendricks, Mokgohloa en Motimele dat die Grondwet toegang tot onderrig in taal van eie keuse waarborg waar dit prakties uitvoerbaar is. Onder "prakties uitvoerbaar" word verstaan dat 'n instelling reeds Afrikaanse onderrig moet aanbied en leermateriaal in Afrikaans beskikbaar moet wees. Dit geld vir skole, net soos vir die universiteit in hierdie geval.

3. http://www.aros.ac.za/aros-en-die-groot-prentjie/.

Dié uitspraak beteken egter nie dat die aanslae teen Afrikaanse skole nou gaan afneem nie. In Gauteng moes skole die afgelope dekade hulle dikwels tot regsaksie wend om hulle enkelmedium Afrikaanse status te beskerm. In die volgende sessie sal meer indringend na die Gautengse LUR van onderwys, Panyaza Lesufi, se aanslae teen Afrikaanse skole gekyk word.

Lesufi is nie 'n stem wat roep in die woestyn nie. Teoreties is daar meganismes wat 'n ideoloog soos hy in die bek kan ruk wanneer hy leerders van hulle taalregte probeer ontneem. Een hiervan is die grondwetlike instelling, die Pan Suid-Afrikaanse Taalraad (Pansat). Dit is helaas tans vir alle praktiese doeleindes nutteloos. Om mee te begin, het dit min impak gehad, want hoewel dit klagtes oor taalregtevergrype kon ondersoek, het dit geen afdwingingsmagte gehad nie en kon dit hoogstens aanbevelings aan taalregteskenders maak. Dit was dus maklik om te ignoreer. Mettertyd het dit, soos soveel ander grondwetlike instellings, deurgeloop onder wanbestuur en die wanaanwending van fondse. Met die aanstelling van 'n nuwe raad in 2014 is baie dapper pogings aangewend om 'n forensiese oudit te laat doen en die instelling reg te ruk, maar voordat die raad se pogings vrugte kon afwerp, het die minister van Kuns en Kultuur ingegryp en die raad summier afgedank. Regsaksie vind tans oor die onregmatige optrede plaas. Daar is pas ook vir nominasies vir 'n nuwe raad geadverteer, maar onder die omstandighede is dit te betwyfel of die instelling in die afsienbare toekoms van enige nut gaan wees.

Intussen skaar die huidige personeel hulle in die openbaar aan die kant van die LUR. In Mei 2015 het die media-afdeling van Pansat byvoorbeeld die volgende mediaverklaring uitgereik ter ondersteuning van LUR Lesufi se poging om enkelmedium Afrikaanse skole in parallelmedium instellings te omskep:

> *Following an urgent application to halt the Gauteng Education Department's plan to have some schools teach in two languages by the Federation of Governing Bodies of South African Schools (Fedsas), the Pan South African Language Board (PanSALB) wishes to express its support for the Gauteng Department of Education on its plans to carry forward this* ***positive*** *task* [my beklemtoning].
>
> *"We believe South Africa has enough resources to support this initiative as part of protecting, preserving and promoting multilingualism in the country," said Prof Madiba.*
>
> *"As the custodian of languages, we believe it is important to give equal recognition to all official languages without any form of exploitation and racial segregation and that the Gauteng Department of Education's initiative is a wise, good and positive move to preserve the principle of inclusivity by promoting multilingualism in the country," said Professor Mbulungeni Madiba.*

> *... Few languages were given special recognition at foundation phase at the expense of other languages during the time of segregation and we cannot continue to have the same domination in a constitutional order," said Prof Madiba.*

Ten slotte word op 'n uiters ironiese noot, verklaar:

> *PanSALB believes that language is a fundamental human right that should be nurtured at all times to protect human dignity and individual rights.*
>
> *... In conclusion, we would like to state that Afrikaans is one of the official languages of South Africa and as such we would not want to see the Department applying its mandate as an attempt to deliberately phase it out as it has been stated in the application by Fedsas, concluded Prof Madiba.*[4]

Die verklaring bewys die totale gebrek aan begrip by die instelling se hoof oor die inhoud van selfs basiese taalbegrippe soos taalregte, veeltaligheid en die betekenis van moedertaalonderrig. Skynbaar weet hy nie eens dat Afrikaanssprekendes nie net aan een ras behoort en dat Afrikaanse openbare skole van die mees geïntegreerde skole in die land is nie.

Op soortgelyke wyse het die Kommissie vir die Bevordering en Beskerming van Kultuur-, Godsdiens- en Taalregte (ook bekend as die 185-kommissie) AfriForum in 2012 aangeval toe laasgenoemde 'n veldtog van stapel gestuur het om Afrikaanse enkelmediumskole se status te beskerm.[5] Dit reageer tans skynbaar net op klagtes en swyg verder oor gebeure soos die verengelsing van tersiêre onderwysinstellings. Om enigsins impak te hê, moet so 'n instelling proaktief wees, en nie net reaktief optree nie.

Onder die omstandighede is dit noodsaaklik vir die burgerlike gemeenskap om self standpunt in te neem wanneer kwessies soos taalbeleid wat 'n invloed het op die gehalte onderrig wat hulle kinders ontvang, in die spervuur kom.

Daar is verskeie vennote wat 'n sinvolle rol kan speel in die verband. Die ouers, ouerbeheerliggaam en personeel van 'n skool moet saamspan. Dit moet egter geskied met begrip dat die skool se personeel nie sodanig moet optree dat hulle aan dissiplinêre aksie deur die onderwysdepartement uitgelewer mag word nie. 'n Goeie hoof en onderwysers is 'n kosbare skat en die ouers moet saamstaan om hulle belange te beskerm. Dit beteken egter dat ouers nie moet skroom om self kragdadig standpunt in te neem teen die departement se onregmatige optrede nie.

---

4. http://www.pansalb.org/media%20release.html.
5. http://www.politicsweb.co.za/politics/crlrc-meant-to-support-not-oppose-minority-rights-.

Omdat ouers nie noodwendig oor al die nodige kennis beskik, of die fondse nie, is burgerlike instellings se betrokkenheid onontbeerlik. Ouerbeheerliggame kan byvoorbeeld enorm baat by die kundigheid en insette van 'n spesialisorganisasie soos FEDSAS. Hulle kan verder versterk word deur organisasies soos AfriForum wat burgerregte (wat taalregte insluit) breër bevorder. Hierdie instellings voeg waarde toe deur die regskennis en toegang tot regsbronne wat hulle het. Hulle kan ook help met befondsing. Verder is hulle gereeld in kontak met die media en kan die gemeenskap bystaan met die formulering van 'n mediastrategie.

Die media is 'n ewe belangrike vennoot, want dit help skep aan die klimaat waarbinne die stryd om idees en regte plaasvind. Soms wantrou gemeenskappe die media en vervreem hulle onnodig. Of nog erger, die wantroue word in vyandskap omskep met ondeurdagte uitlatings en in plaas daarvan dat die gemeenskap standpunt teen die onderwysdepartement moet inneem, moet dit nou ook teen die media veg. Om die onwenslike situasie te voorkom, kan op burgerregte organisasies soos die genoemde gereken word om advies te gee.

Wanneer 'n stryd om byvoorbeeld die behoud van 'n enkelmedium Afrikaanse taalbeleid ontstaan, is die beste scenario dat 'n skikking bereik word. 'n Goeie voorbeeld is Hoërskool Fochville wat onder enorme druk was om 'n parallelmedium instelling te word. 'n Skikking is uiteindelik bereik, nadat regspanne gereed was om hof toe te gaan. Vandag is die skool steeds 'n enkelmedium Afrikaanse instelling en is dit betrokke in 'n positiewe vennootskap met 'n enkelmedium Engelse skool in die nabye omgewing. Dit verseker dat die twee instellings beide uitnemende onderrig aan die leerders bied, terwyl die leerders hulle medium van onderrig kan kies. Hier moet ek al die betrokkenes van die gemeenskap loof wat onwrikbaar sterk standpunt ingeneem het teen die verengelsing van die skool en die gelukkige einde van die verhaal waar almal wen, moontlik gemaak het.

Ongelukkig het alle verhale nie so 'n gelukkige einde nie. Soms is regsaksie noodsaaklik en onvermydelik.

Daar is twee sake wat 'n mens in gedagte moet hou wanneer na regsaksie oorgegaan word. Dit is dikwels 'n lang proses en dit is altyd 'n duur proses. Dit is nie die soort van aksie wat 'n mens kan aanpak as jy nie oor die nodige wil en hulpbronne, of vennote met die nodige hulpbronne beskik nie.

AfriForum en ander lede van die Solidariteit Beweging is tans in verskeie regsprosesse op primêre, sekondêre en tersiêre onderwysvlak betrokke. Dit stel ons bloot aan kritiek, waarvan ek enkele voorbeelde gaan noem, en ek sal ook daarop reageer.

- **Dit is net geldmors – Engels is die wêreldtaal van die toekoms en verengelsing is onvermydelik.**

Oor die status van Engels, dat dit selfs nie oral in die Eerste Wêreld gepraat word nie, en teen 2050 volgens verskeie ramings moontlik ŉ kleiner taal as onder meer Frans gaan wees, gaan ek nie uitwei nie, aangesien dit hier oor die toekoms van Afrikaans gaan.

Wat ek wel wil noem, is dat al meer lande besef die gebruik van koloniale tale soos Engels as onderrig- en omgangstaal van ŉ land, lei tot laer geletterdheidsvlakke en hoër werkloosheidsyfers. Gevolglik werk lande soos Ghana en Tanzanië tans aan ŉ omskakeling van hulle skolestelsels om inheemse tale, eerder as koloniale tale, as medium van onderrig te gebruik.

In Asië word inheemse tale selfs ook toenemend gebruik in versoeningsprosesse om konflik en geweldpleging te ontlont.[6]

Om geld te spandeer op die bevordering van ŉ inheemse taal, en meer spesifiek, op moedertaalonderrig, is dus ŉ noodsaaklikheid, nie ŉ vermorsing nie. Deur die taalregte wat hier ter sprake is, te beskerm, word ten gunste van ekonomiese groei en politieke stabiliteit opgetree. Die aksie is ook in lyn met die gees van die Suid-Afrikaanse grondwet en internasionaal erkende taalregte.

- **Die staatsdiens gaan al verder agteruit – waarom nie eerder die geld gebruik vir die skep van eie onderriginstellings nie?**

Die skep van eie instellings is ŉ gesonde en noodwendige ontwikkeling in die 21ste eeu, maar dit kan nooit die enigste opsie vir onderwysbehoeftes wees nie. Vir sommige mense is privaatonderrig ŉ oplossing, vir ander is tuisonderrig, maar daar is ook ŉ baie groot groep mense wat altyd van openbare of staatskole afhanklik sal wees. Finansies, afstand, of gesinsomstandighede beteken dat die ander opsies nie antwoorde aan hulle bied nie en ter wille van hulle eie, maar ook die land se toekoms, is dit noodsaaklik dat hulle in openbare hoofstroomskole ŉ tuiste moet kan vind.

Verder, soos reeds genoem, is van ons Afrikaanse openbare skole van die beste in die wêreld. Ons kan nie so ŉ waardevolle nasionale bate sondermeer net weggooi nie. Ons moet dit beskerm, want ons taal is ŉ hoofstroomtaal wat ook nie tot gebruik in slegs privaatinstellings of -opsette verskraal kan word nie. Vir die voortbestaan van die taal, maar ook in lyn met die genoemde grondwetlike en internasionaal erkende taalregte is dit noodsaaklik dat dit nie uitrangeer word nie. Dit moet dinamies deel van beide terreine bly. Afrikaanssprekendes maak tans sowat 41% van die land se werkende bevolking uit.[7] Ons dra dus ŉ baie groot persentasie belastinggeld tot die staatskas by en waar byna ŉ kwart van die nasionale begroting aan onderwys

6. Sien byvoorbeeld navorsing deur prof. Joseph lo Bianco.
7. Tuisblad: http://afrikaansetaalraad.co.za/.

spandeer word, het ons die reg om te vra dat van die geld ook spesifiek aan Afrikaanse onderwys toegeken word.

Die Solidariteit Beweging is wel aktief by die ontwikkeling van privaat instellings en aanvullende opsies vir openbare skole betrokke, soos ons vandag sal hoor, maar deel van die strategie vir die beskerming en bevordering van Afrikaanse moedertaalonderrig, is beslis ook om meer aktivisties daarvoor standpunt in te neem, soos met regsaksie wanneer geen ander opsies oor is nie.

- **Waarom dan nou juis moedertaalonderrig?**

Die voordele van Moedertaalonderrig is legio. Daar is vele nasionale, maar ook internasionale navorsingsprojekte wat onteenseglik bewys dat moedertaalonderrig, vir so lank as moontlik, die heel beste opsie vir enige leerder is, ongeag wat sy of haar moedertaal of verstandelike vermoëns is.

UNESCO (die Verenigde Nasies se Opvoedkundige, Wetenskaplike en Kulturele Organisasie) ondersteun byvoorbeeld moedertaalonderrig as metode waarop die gehalte van onderrig verbeter kan word deur voort te bou op die kennis en ondervinding van leerders en onderwysers – om die rede ondersteun UNESCO ook dat moedertaalonderrig vir so lank as moontlik voortgesit moet word ter bevordering van leerders se akademiese loopbane.

Lande wat moedertaalonderrig bevorder is oor die algemeen meer welvarend. Die rede hiervoor is dat leerders wat moedertaalonderrig geniet, gewoonlik meer sukses behaal. Dit bevorder dus die ekonomiese potensiaal van ’n land se arbeidsmag en so word die ekonomie bevorder.

Elke taal, insluitend Afrikaans, beskik oor die vermoë om kennis en insig wat oor generasies verwerf is, oor te dra. ’n Nasie wat uit verskillende moedertaalsprekende gemeenskappe bestaan, baat as geheel by die diversiteit, omdat elke moedertaal eie insigte, standpunte en idees kan bydra tot die nasionale debat oor die skep van ’n gedeelde toekoms. Dr. John Waiko, minister van onderwys in Papua Nieu-Guinee, het in dié verband gesê:

> *Our greatest national resource is the diversity of cultures in our country. Diversity means more viewpoints to clarify, more ways of solving problems, more creative ideas, a greater ability to deal with change … Where diversity is crushed … the nation becomes weak and divided.*[8]

Mense wat in hulle moedertaal studeer, hou gewoonlik langer aan studeer en behaal meer sukses met hulle studies as leerders wat in ’n tweede taal studeer.

8. http://www.pngbuai.com/600technology/information/waigani/w97-keynote.html

Moedertaal is ’n integrale deel van die individu se persoonlike, sosiale en kulturele identiteit. Individue se gewoontes, optrede, waardes, deugde, gebruike en oortuigings word daardeur beïnvloed. Moedertaalonderrig bevorder dus leerders se identiteitsvorming en -besef. Deur moedertaalonderrig leer die jeug om hulle kultuur en erfenis te waardeer, wat bydra tot ’n positiewe selfbeeld en gesonde selfvertroue. Laasgenoemde het weer beter klasdeelname tot gevolg.

Moedertaalonderrig bevorder sosiale en professionele kontak met ander moedertaalsprekers.

Hoe langer mense ononderbroke in hulle moedertaal studeer, hoe hoër is hulle intellektuele ontwikkelingsvlak. Leerders se kognitiewe ontwikkeling verhoog met moedertaalonderrig. Abstrakte konsepte word verder die maklikste in moedertaal verstaan – wanneer leerders konsepte in hulle moedertaal leer verstaan, is dit nie nodig om dit van voor af in ander tale te leer nie: die begrippe word outomaties na ander tale oorgedra.

Omdat moedertaalonderrig leerders se luister- en begripsvaardighede verbeter, versterk dit ook hulle linguistieke ontwikkeling, redenasie- en probleemoplossingsvaardighede.

Moedertaalonderrig versterk ook verder leerders se vermoë om nuwe woordeskat aan te leer – nie net in die moedertaal nie, maar ook in alle ander tale wat mettertyd bygeleer word. Dit is vir leerders makliker om kennis wat in hulle moedertaal verwerf is, na tweede, derde en meer tale oor te dra as wat dit is om kennis van ’n tweede taal na die moedertaal oor te dra.

In die werksplek is meertaligheid ’n meer gesogte vaardigheid as vlotheid in slegs een taal, byvoorbeeld Engels. Afrikaanse leerders is gewoonlik ook vaardig op hoëfunksievlak in Engels, terwyl leerders wat slegs in Engels studeer, soms wel vaardig in Afrikaans is, maar meer op sosiale vlak as op hoëfunksievlak. Dit gee aan die moedertaalleerder ’n kompeterende voordeel – ook in die internasionale werksveld.

Met alles in ag genome, is dit duidelik dat optrede ter beskerming en bevordering van moedertaalonderrig vir die Afrikaanssprekende gemeenskap nie ’n luuksheid is nie, maar ’n noodsaaklikheid.

Die Solidariteit Beweging se strategieë in die verband is nie tot regsaksie beperk nie, soos ons vandag sal aandui. By AfriForum fokus ons ook deurnemend op kreatiewe maniere om die boodskap wat ek pas gelewer het, op ’n ligter manier oor te dra. Die sogenaamde SLIM-veldtog (“SLIM” is die akroniem vir Studeer en Leer In jou

Moedertaal) reik met ’n drama en kort videos na leerders uit om hulle te oortuig om in hulle moedertaal te studeer.[9]

Die materiaal wat ons op hierdie wyse skep, is gratis op aanvraag beskikbaar en ons deel dit en enige ander kennis waaroor ons in dié verband beskik, graag met enige belangstellende.

Afrikaanse moedertaalonderrig kom tans wel voor groot uitdagings te staan, maar deur aktiewe betrokkenheid kan ons verseker dat Afrikaanse leerders se taalregte nie alleen beskerm word nie, maar beslis ook uitgebou sal word. Die toekoms van ons kinders is in ons hande en ons pak die bou daarvan in geloof en met entoesiasme aan.

9. Sien: https://www.youtube.com/watch?v=e38WDLqkvr0 en https://www.youtube.com/watch?v=yxBAEP6z7Is.